

# Hoe kry mens jou huis in orde

## God se horlosie

My broer, Japie Jackson, het 'n artikel met die titel, **“God se horlosie”** geskryf. In hierdie artikel bespreek hy die gebeurtenisse en tydsberekening van die veelgeprofeteerde eindtyd konflik, en dan sluit hy met die volgende vermaning aan sy lesers af: **“As daar ooit 'n tyd was om ons huis in orde te kry, is dit nou!!!”**

Een leser het teruggeskryf en gevra hoe 'n mens te werk moet gaan om jou **“huis in orde”** te kry, en Japie het vir my gevra om hierdie vraag wat werklik toepaslik is, te beantwoord. Hierdie vraag het my diep laat dink, en ek het vir wysheid van die Heilige Gees gebid. Ek voel dat ek dit soos volg moet beantwoord:

Te midde van die vele bladsye van die Skrif vind ons sekere kragtige stellings wat aandag trek en 'n mens regop laat sit en diep laat dink. Hierdie stellings van waarheid is soos ligte wat rigting aanwys en vir ons die weg belig waarop ons in hierdie baie donker tye moet wandel. Die Skrif gee rigting aan individue, families en nasies. Herstel – **om mens huis in orde te kry** – moet egter altyd eerste by die **individu** begin, en nie net enige individu nie. Dit begin met **MY**, met **JOU**. Kom ons kyk dan na van hierdie Skrifgedeeltes en pas hulle persoonlik op onself toe.

Toe die Heilige Gees my lewe omgekeer het, het Hy met my oor my eie HARTSTOESTAND gepraat. Dit is dan waar hierdie studie moet begin.

## Lê alles op die altaar voor God neer

Terwyl u hierdie studie lees, mag ek u van die staanspoor aanmoedig om dit met 'n oop gesindheid en gemoed te lees, en te besef dat dit vir enige persoon onmoontlik is om *sy of haar huis in orde te kry* tensy hulle gewillig is om **alles op die altaar voor God neer te lê**. Om *ons huis in orde te kry* is nie 'n kits oplossing om al ons probleme uit te sorteer nie. *Om ons huis in orde te kry* gaan daarvoor dat ons **die leisels van ons lewe aan Koning Jesus moet oorgee** en toe te laat dat Hy beheer neem. Dit beteken dat ons toegee aan sy wil. Dit begin met die individu (my en jou) en dan spoel dit oor na ons huwelike en familieverhoudinge, en dan verder na die gemeenskap en die omgewing waarin ons woon.

*Om ons huis in orde te kry*, gaan daarvoor dat ons **Egipte verlaat** en dit agterlaat. Die Apostel Paulus beskryf die uittog van Israel uit Egipte en die oorsteek van die Rooisee as die **doop** (IKorinthiërs 10:1-2). Die doop beteken 'n **afsterwe van die ou lewe** (Egipte) en 'n opstanding in 'n nuwe lewe (die beloofde land).

Ek glo dat die **woestyn** waardeur ons as 'n volk, en selfs die nasies wêreldwyd, gaan, ons na 'n plek bring waar ons ons geestelike fondasies baie ernstig moet evalueer. Wat is die fondasies waarop ons lewens gebou is? Hoe lyk ons harte regtig? God het tydens 'n baie donker tydperk in Israel deur die profeet Hoséa met hulle gepraat:

*Hos 2:14 "Daarom, kyk, Ek sal haar lok en haar in die woestyn lei en na haar hart spreek."*

Ek wil u graag uitdaag om u lewe ernstig voor God in alle eerlikheid te evalueer. Mag God met deernis, maar ook reguit met ons harte praat en die motiewe waarmee ons alles doen, ondersoek. Hierdie is verseker 'n tyd om **ons huis in orde te kry**. Kom ons gesels reguit hieroor!

### **'n Gevaarlike leerstelling**

Paulus skryf harde woorde. Kom ons ondersoek die stellings wat hy in die volgende twee Skrifgedeeltes maak:

*1Tim 4:1 "MAAR die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige **van die geloof afvallig sal word** en verleidende geeste en **leringe van duiwels sal aanhang.**"*

*2Tim 3:5 "... mense wat 'n **gedaante van godsaligheid** het, maar die krag daarvan verloën het ..."*

Ons merk hier dat Paulus teen demoniese LEERSTELLINGS en 'n GEDAANTE VAN GODSALIGHEID waarsku. Dit sê dadelik vir my dat hierdie demoniese leerstellings iets met GODSDIENS te doen moet hê, want dit sê dat die vrugte van die bose leerstelling 'n GEDAANTE van godsaligheid voortbring. Met ander woorde, van buite lyk dit goed en vroom, maar binne is dit vrot – vol leuens en bedrieglikheid, en dit draai mense dus weg van hul **geloof in God**.

Kom ons dink ernstig hieroor na. As onderdanigheid aan enige kerk se leerstelling tot gevolg het dat mense se geloof in God vervang word met geloof in iets anders, dan is so 'n leerstelling sekerlik deur demone

geïnspireer. Sal u met my saamstem? Paulus noem dit 'n **"gedaante van godsaligheid"**. Dit beteken dat dit nogsteeds onder die naam van **"godsdienstige"** voorkom, want van buite lyk dit goed. Geen godsdienstige gebruike kan egter 'n mens se saligheid verseker as dit nie geloof in God as kern het nie.

U sal onthou dat Jesus die godsdienstige gebruike van sy tyd ten sterkste uitgedaag het, en die Skrifgeleerdes en Fariseërs het Hom daarvoor gehaat. Dit was die Joodse GODSDIENSTIGE LEIERS wat Jesus na die kruis toe gestuur het, toe hulle uitgeroep het, **"Kruisig Hom, kruisig Hom!!"** As ek u godsdienstige gebruike sou uitdaag, sou u saam met die skare uitroep, **"Kruisig Hom, kruisig Hom!!"**? Of sou u gewillig wees om u geestelike lewe ernstig te evalueer, en soos die Fariseër, Paulus, vir God toe te laat om u na 'n dramatiese Damaskuspad ervaring te bring, waarna u **huis werklik herstel kan word**? Dink asseblief ernstig ná oor wat ek gaan sê, en evalueer u eie geestelike situasie daarvolgens ...

As ons nou na die geskiedenis kyk, sien ons veral tydens die Rooms Katolieke-beheerde Donker Eeue hoeveel valse (demoniese) leerstellings te voorskyn gekom het. Een van daardie leerstellings was die verheffing van Maria om as 'n godin aanbid te word. Dit is nogsteeds 'n algemene gebruik onder die Katolieke om Maria te aanbid. Dit is duidelik 'n demoniese leer wat 'n gedaante van godsaligheid voortbring terwyl dit die kern van die waarheid van die evangeliese boodskap verwyder – geloof in God alleen.

Wanneer mens die geskiedenis bestudeer, vind jy daar is baie ander soortgelyke leerstellings wat in die Donker

Eeue na vore gekom het. Dit het miljoene mense mislei om te glo dat omdat hulle godsdienstig is, die mis bywoon, die Rosekrans bid, die Wees Gegroet ("Hail Mary") opsê, ens, dat hulle outomaties gered is. Tydens die Hervorming van die 1500s tot 1800s het die skille van mense se oë begin afval, en mense het die waarheid begin sien en verkondig. Martin Luther, onder andere, het ten sterkste verkondig dat die **"regverdige alleenlik deur geloof gered kon word"**. Luther het 'n bevelskrif teen die kerk in Wittenburg se deur opgesit waarin hy 95 punte aangehaal het waar die Rooms Katolieke kerk van die waarheid afgewyk het. Demoniese leerstellings het geheers en miljoene mense vir baie eeue mislei.

Terwyl die hervormingsvure helder gebrand, en miljoene mense met groot blydschap teruggekeer het na geloof in God alleen, het die godsdienstige leiers van die Rooms Katolieke kerk die Hervorming geweldig teëgestaan, tot die punt van vervolging van die Protestante. Bykans **50 miljoen Protestante is geweldig deur die Katolieke vermoor**, wat die demoniese geeste agter daardie misleidende leerstellings blootgestel het.

John Foxe skryf verder in sy bekende boek, *Book of Martyrs*, oor die dorp van Béziers aan die einde van die sestiende eeu:

*"Die Roomse Katolieke het druk uitgeoefen op die Albigenes om aan hul opdrag om hulle geloof af te lê te voldoen, maar die Albigenes het geweier en was bereid om hul lewens op te offer vir hul geloof; hulle het geglo dat YHWH, indien dit sy wil was, hulle sou beskerm; maar indien Hy verheerlik sou word deur hul belydenis*

van hul geloof tot die dood toe, sou dit vir hulle 'n groot eer wees om vir sy ontwil te sterf.

"Hulle het ook bygevoeg dat hulle eerder die Pous sou ignoreer omdat hy slegs hul liggame kon doodmaak, as God, wat beide hul liggame en siele in die hel kon werp ... 'n Aanval op hulle is van stapel gestuur, die dorp is ingeneem en ongekende wreedheid is op hulle uitgeoefen. Die dorp is aan die brand gestee en absolute wanorde het geheers; in sommige plekke het bloed die strate afgeloop. Diegene wat in hul huise weggekruip het, moes besluit of hulle eerder deur die vlamme verswelg sou word of in die strate sou uithardloop en deur die soldate se swaarde gedood sou word. Die offisiere het hul troepe beveel om almal dood te maak, mans, vroue en kinders! Die eens pragtige dorp, Béziers, is vernietig en verminder tot 'n hoop rommel en puin en **60 000** mense van verskillende geslagte en ouderdomme is vermoor."

Hierdie voorval was geensins geïsoleerd nie. Foxe skryf die volgende oor die slagting wat in Parys plaasgevind het:

"... die gewapende soldate het rondgestorm en elke Protestant wat hulle binne die mure van die stad aangetref het, vermoor ... Dit het vir dae so aangegaan; maar die grootste slagting het binne die eerste drie dae plaasgevind, waartydens meer as 10 000 mans en vroue van alle ouderdomme omgekom het. Hierdie brutaliteite het nie net binne die mure van Parys plaasgevind nie, maar het uitgebrei na ander dorpe en plekke soos Lyons, Orleans, Toulouse, en Rouen, waar ongekende wreedhede plaasgevind het. Binne 'n maand is **60 000 Protestante in Frankryk alleen vermoor ...**

"Toe die berigte van die slagting Rome bereik, het daar groot feesvierings plaasgevind en 'n medalje is geslaan om hierdie oorwinning oor die geloof te vier ... *In die dorp Poitiers is meer as 2 000 in die bestek van een dag vermoor, en die **opdrag om Protestante uit te roei**, het vir etlike dae aangehou. By Meldi is 200 mense in die tronk gegooi, en is soos skape na hul slagting gelei om in stukke opgekap te word. By Orleans is 1 000 mans, vroue en kinders vermoor. Toe die inwoners van Augustobona van die slagting in Parys hoor, het hulle die hekke van hul dorp gesluit sodat nie een Protestant kon ontsnap nie. Hulle het almal wat vermoedelik Protestant kon wees, in die tronk gegooi en hulle later vermoor.*

"By Lyons is 800 vermoor; van die kinders het nog aan hul vaders se nekke geklou. In die Aartsbiskop se huis is 300 vermoor en die biskoppe het geweier om hulle te begrawe. In Toulouse is 200 vermoor. In Rouen is 500 vermoor ... In Bordeaux, ná 'n ondersoek van 'n biskop genaamd Angerius, is 264 persone vermoor ..." en so het die slagting voortgeduur. Foxe vertel ons dat die Seine, Loire and Rhone riviere rooi van die bloed van die heiliges gevloei het.

Een verslag som die vervolgings deur die Roomse kerk soos volg op:

"In daardie eeue is Christene wreed gemartel, getoets en verhoor. Pous Innocent IV het 'n amptelike dokument uitgevaardig wat dit duidelik gestel het dat kettere (diegene wat nie voor die Roomse stelsel gebuig het nie) platgetrap moet word soos giftige slange. Hy het eiendom aan sy soldate beloof en vergifnis van hul sonde, indien hulle 'n ketter doodmaak! Slagoffers van die Inkwisisie is verrek en uitmekaar geskeur op die

*folterbank. Sommiges is vergruis en doodgesteek in die ystermaagd ('iron maiden')."* (Dit was 'n ysterkis ontwerp as 'n beeld van Moeder Maria. Dit het uit twee dele bestaan wat soos 'n kasdeur toegemaak is. Binne was daar spykers en messe. Die slagoffer is binne geplaas en die deur is stadig toegemaak wat die mens binne stadig vergruis en doodgesteek het. Dit het die demoniese karakter van die sogenoemde Moeder Maria-figuur wat in plaas van Christus deur die Katolieke aanbid word, ontbloot).

*"So was daar ook die 'duimskroef', 'n instrument wat vingers vergruis het en 'Spaanse stewels' wat gebruik is om bene en voete te vergruis. Tange is gebruik om vingernaels uit te trek of is rooi-warm gemaak en teen verskillende sensitiewe liggaamsdele gedruk. Elke moontlike metode van foltering is gebruik."*

Ralph Woodrow skryf:

*"Diegene wat nie die Pous se stelsel wou navolg nie is in grotte en tronke toegemaak, van hulle is teen bome vasgespyker, gebrand met olie of gesmelte lood is in hul oë, ore en monde gegooi, hulle kopvelle is afgesny, hulle velle afgesny, lewendig begrawe, koppe is afgeskroef, vroue se borste is afgesny, babas is voor hul ouers wreedaardig met swepe geslaan en vermorsel teen bome en daarna vir honger honde en varke gegooi..."* (Great Prophecies of the Bible, Ralph Woodrow, p. 162).

Vriende, hierdie is in die geskiedenis, en die gruwels wat plaasgevind het, is in die naam van "godsdienst" gedoen. Dit is maklik om die demoniese aktiwiteit agter hierdie wreedhede raak te sien – dit is alles gebasseer op valse



demoniese leerstellings wat deur die duiwel ontwerp is om mense te mislei.

Soos die Protestantse Hervorming gegroei het, het dit aan baie mense in hul nuutgevonde geloof duidelik geraak dat die 95 leerstellings / misbruike wat deur Martin Luther genoem is, nie die enigste demoniese leerstellings was nie, en nuwe bewegings binne die Protestantse Hervorming het begin ontwikkel. Een van hierdie was die "*Anna Baptiste*" beweging. Hulle het begin besef dat die kinderdoopleer geen Skriftuurlike fondasie gehad het nie, en dat die doop iets was wat op bekering moes volg. Ek sal 'n bietjie later in meer besonderheid hieroor praat.

Daar was in die vroeë 1900s 'n bonatuurlike wêreldwye uitstorting van die Heilige Gees op gelowiges wat na God gesoek het. Mense is met die Gees vervul; hulle het weer in tale gepraat soos wat dit in die boek van Handeling gebeur het, en die gawes van die Heilige Gees is weer in 'n nuwe "*Pinkster*" beweging beoefen. En so is daar deur die afgelope byna honderd jaar of meer 'n groter begrip van meer en meer Bybelse waarheid wêreldwyd openbaar en verkondig.

Een van die grootste waarhede wat egter ná Martin Luther se "*Die regverdige sal deur die geloof lewe*", openbaar is, was sekerlik die blootstelling van die Rooms Katolieke beoefening van die kinderdoop. Een van die gevaarlikste leuens (leerstellings van demone soos deur Paulus beskryf) wat die groei van die ware Christelike lewe belemmer het, is toe die kragtige daad van gehoorsaamheid van die *doop* deur die Rooms Katolieke tot slegs 'n *godsdienstige ritueel* verklein is.

Ongelukkig is hierdie leer na baie Protestantekerke oorgedra en word dit vandag nog grootliks beoefen.

Een van die hartseerste dinge wat ek in die baie jare van bediening teëgekomp het – veral in die meer formele denominasies – is die geestelike dood wat so dikwels die verwronge, onskriftuurlike godsdienstige rituele van doop vergesels, waar die doop as bloot 'n godsdienstige ritueel (formaliteit) beskou word, wat veronderstel word om ewige lewe aan die gedoopte persoon te verseker, terwyl daar **geensins plek of geleentheid aan ware bekering gegee word nie**. Hierdie is waar, veral in die kinderdoop, maar dit word nie daartoe beperk nie. Baie volwassenes onderwerp hulle ook aan die doop as 'n godsdienstige plegtigheid wat uitgevoer moet word. En tog is daar geen veranderde lewe wat op daardie doop volg nie. Dit is nie die metode van doop wat ek hier bevraagteken nie. Dit is die hartsverandering wat op die doop behoort te volg, wat ek hier uitlig.

Wanneer so 'n kind (of volwassene) aan hierdie doop as 'n blote godsdienstige ritueel – 'n demoniese ritueel – onderwerp word, word daardie persoon se geestelike vermoë om tot 'n persoonlike verhouding met Jesus te reageer, en die stem van God in sy of haar lewe te hoor, hewig belemmer. Die kind word groot met geloof in die leuen dat hulle deur daardie daad van doop die ewige saligheid verwerf het, terwyl hulle hul nooit werklik van hul sondige verlede bekeer het nie. Die oomblik wat 'n persoon hulself onderwerp aan enige demoniese afwyking van die waarheid, word daardie persoon van geestelike insig of begrip van die waarheid aangaande geestelike sake, beroof. Hul geestelike ore word **verstop** en dan kan hulle nie die waarheid waarneem nie. 'n

***Demoniese sluier bedek hul oë***, en hulle het 'n ***wonderwerk van die genade van God*** nodig voordat die lig van waarheid weer in hul harte en denke kan skyn. Ek dink nie ouers besef werklik die ernstige geestelike gevolge van wat hulle aan hul kinders doen om hulle aan hierdie of enige ander vals godsdienstige rituele te onderwerp nie.

Dit is uiters gevaarlik om mens aan demoniese leerstellings te onderwerp. Demoniese leerstellings kan aan hul vrugte herken word – 'n ***sogenaamde versekering van ewige lewe terwyl die persoon voortgaan om 'n onverskillige lewe van sonde te leef***. Die gay kwessie bring soortgelyke gevolge mee. 'n Blote onderwerping aan 'n godsdienstige ritueel sonder 'n ware hartsverandering, kan nie 'n veranderde lewe voortbring nie; en so ook kan 'n godsdienstige plegtigheid sekerlik nie ewige saligheid verseker nie. Wees versigtig!!

Dit is nie my doel in hierdie dokument om verskeie kerke te kritiseer, of om mense seer te maak wat sulke gebruike koester nie. Ek besef dat, veral in die geval van die kinderdoop, dit iets is wat deur baie mense gekoester word, en hulle vind dit moeilik om die moontlikheid te glo dat iets wat hul familie deur die generasies beoefen het, 'n afwyking van die Bybelse waarheid kan wees. Selfs 'n effense afwyking van die waarheid is 'n leuen, en daarom is dit 'n misleiding wat deur die vyand van ons siele ontwerp is met die doel om ons verhouding met God te verwoes, en ons sodoende te vernietig.

Dit is my opregte hartsbegeerte om mense uit hul dilemma te help. Daarom wil ek die kern van die saak uitlig en dit werklik beklemtoon dat, ongeag hoe kosbaar

enige godsdienstige ritueel mag voorkom, dit **met eerlikheid in die lig van die Skrif ondersoek moet word**. Indien so 'n gebruik bloot as 'n godsdienstige plegtigheid beoefen word omdat my ouers, grootouers en baie generasies voor hulle dit beoefen het, beteken dit nie noodwendig dat dit reg is nie. As die spesifieke godsdienstige plegtigheid **geen ware hartsverandering meebring nie**, is dit bloot 'n dooie godsdienstige werk wat geen geestelike waarde inhou nie. Godsdienstige gebruike kan ons NIE RED NIE. Dit is **geloof in God wat ons red**, en om ons huise in orde te kry, moet ons dit dan hier regstel.

Die Bybelse doop is 'n diep geestelike waarheid wat 'n drastiese verandering in die gelowige wie gedoop word, se lewe meebring – soos Paulus se Damaskuspad ervaring. Die **eerste ding** wat Paulus gedoen het **ná** sy drastiese bekering, was dat hy **gedoop** is (Handelinge 9:18). Die persoon wat gedoop word, **BEKEER** hulle van hul sonde en **STERF na hul ou lewe. Sonder BEKERING kan 'n AFSTERWE NA SONDE nie meegebring word nie**.

Petrus het op Pinksterdag verkondig, **"BEKEER julle, en laat elkeen van julle GEDOOP word in die Naam van Jesus Christus tot VERGEWING VAN SONDES ..."** (Handelinge 2:38).

Bekering en doop werk altyd saam. Hierdie daad van die doop saam met bekering sny die ou lewe (Egipte) af en veroorsaak dat ons **wedergebore word tot 'n nuwe opstandingslewe van gehoorsaamheid in die krag van die Heilige Gees**. Volgens die Bybel **VOLG die doop ALTYD op bekering!** Daar is geen geval in die Bybel waar die doop voor bekering gekom het nie.

Paulus het geskryf,

*Rom 6:1 "WAT sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word?"*

*Rom 6:2 "Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?"*

*Rom 6:3 "Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?"*

*Rom 6:4 "Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlijkheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel."*

*Rom 6:5 "Want as ons met Hom saamgegroeï het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding;"*

*Rom 6:6 "aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie."*

*Rom 6:7 "Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde."*

*Rom 6:8 "As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe."*

Die doop is NIE 'n dooie godsdienstige ritueel nie. **Die doop is 'n hartsaak.** Wanneer ons in **gehoorsaamheid op God se Woord reageer**, gebeur daar iets diep binne ons harte. Daar is 'n **Goddelike droefheid** vir die lewe van sonde wat ons geleef het, en

daardie **Goddelike droefheid lei ons na ware bekering.**

*2Kor 7:10 "Want die droefheid volgens die wil van God werk 'n onberoulike bekering tot redding, maar die droefheid van die wêreld werk die dood."*

Die volgende is kommentaar op 'n artikel wat deur Dr. Richard Pritchard aangaande die verwantskap tussen die doop en besnydenis geskryf is, en Kolossense 2:10-13 word aangehaal:

***"En julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag; in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus, omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het. En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het,***

***"Daar is diegene wat die besnydenis gelykstel aan die doop. Die rede hiervoor blyk te wees dat hierdie twee konsepte saam deur die Apostel Paulus genoem word. Ek sal egter ten sterkste aanvoer dat die besnydenis van Christus sterk verwys na die besnydenis van die hart, waar die hart van klip verwyder word en ons 'n hart van vlees gegee word. Deur die hart van klip te verwyder, sterf ons na ons ou lewe. Deur 'n hart***

**van vlees te ontvang, word ons wedergebore en staan ons in 'n nuwe lewe in Christus op.**

**"Wanneer ons beskou dat die doop die plek van besnydenis van kinders in die Ou Testament inneem, sien sommige denominasies dit as die begin van verlossing. Ander sê weer dat dit die ingang na die Christelike Kerk en gemeenskap is, en ek het al mense teëgekome met 'n houding wat te kenne gee hulle is 'veilig' omdat hulle as babas gedoop is. Dit bring 'n gewaarwording van 'ons is almal Christene', wat ons oneffektiewe, of selfs verlamde Christene maak, indien ons ooit ware Christene was. Dit is gevaarlik!!"**

Ek stem met Dr. Pritchard saam. **Dit is gevaarlik!!** Dit is 'n afwyking van die Bybelse waarheid van 'n **besnydenis van die hart** en **ware bekering**, wat gepaard gaan met die daad van die doop. So 'n afwyking van die waarheid kan slegs 'n demoniese leuen wees wat mense in 'n diep geestelike slaap sus, sodat hulle verkeerd dink dat hulle gered is net omdat hulle hulself aan 'n godsdienstige ritueel onderwerp het, wat daardie godsdienstige ritueel ookal mag wees.

As ons dan **ons huis in orde wil kry**, is ons genoodsaak om by hierdie **Goddelike droefheid** te begin **wat ware bekering tot gevolg het**. Dit is 'n **HARTSAAK**. Daarom glo ek dit is noodsaaklik om die Bybelse leer van 'n veranderde hart na te jaag, en om dit te doen, gaan ek vyf hoofstukke van my eerste boek in die reeks "**Ontvang die Heilige Gees**", Boek 1 – **Ingang tot die Koninkryk**, aan te haal. Hierdie hoofstukke handel in diepte oor die leer van die **besnydenis van die hart**, en hier deel ek

my eie getuienis van hoe my lewe omgekeer is toe ek op die Heilige Gees se leiding reageer het.

Ek vertrou dat die volgende hoofstukke uit my boek, [Boek 1 – Ingang tot die Koninkryk](#) u sal help om hierdie noodsaaklike leer van die hart te verstaan. Mag ek u aanmoedig om die hele reeks van drie boeke oor die werk van die Heilige Gees, aan te skaf. [Boek 3 – Doop, Water, Gees](#) handel spesifiek in diepte oor die onderwerp van die doop.



# Deel 2

'n HARTSTOESTAND

# Hoofstuk 8

## DIE NUWE HARTS-VERANDERENDE VERBOND

### Hart van klip / hart van vlees

Daar is 'n diep profetiese woord in Eségiël wat verwys na die die Nuwe Verbond wat God beplan het. Dit hou verband met die veel-beloofte HERSTEL waarvan byna elke profeet herhaaldelik praat. Lees gerus deur hierdie pragtige profesie oor die herstel van Israel, en let dan op hoe die Heilige Gees se betrokkenheid die kern is van die belofte verandering van die volk se hart.

*Eség 36:22 "Daarom sê vir die huis van Israel: So spreek die Here YHWH: Ek doen dit nie om julle ontwil nie, o huis van Israel; maar ter wille van my heilige Naam wat julle onheilig het onder die nasies waar julle gekom het.*

*36:23 "En Ek sal my grote Naam heilig wat onder die nasies onheilig is, wat julle onder hulle onheilig het; en die nasies sal weet dat Ek YHWH is, spreek die Here YHWH, as Ek My in julle voor hul oë as die Heilige laat ken.*

*36:24 "En Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring.*

*36:25 "Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; VAN AL JUL ONREINHEDE en van al jul drekgode SAL EK JULLE REINIG.*

36:26 "En Ek sal julle 'n NUWE HART GEE EN 'N NUWE GEES IN JUL BINNESTE GEE; en Ek sal DIE HART VAN KLIP UIT JUL VLEES WEGNEEM EN JULLE 'N HART VAN VLEES GEE.

36:27 "En Ek SAL MY GEES IN JUL BINNESTE GEE en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen."

Wat hier belangrik is om na op te let, is dat herstel met 'n **HARTSVERANDERING** begin wat deur die werking van die Heilige Gees en die Woord meegebring word.

Die **HART VAN KLIP** word eerste verwyder. Dit is hardkoppigheid en arrogansie. Dit gebeur deur **BEKERING**. Ek sal hierdie aspek later in hierdie boek behandel. Wanneer die hart van klip verwyder word, word dit met 'n hart van vlees vervang – met ander woorde 'n **SAGTE HART**. Slegs dan kan die Heilige Gees met die hart werk deur die Woord van lewe en genesing in die hernude hart te plant, en sodoende herstel in die individu asook die nasie teweeg bring. Geen herstel kan plaasvind sonder hierdie noodsaaklike "**hart oorplanting**" nie.

Hier volg die res van die bemoedigende hoofstuk om die konteks van die profetiese boodskap oor Israel se herstel te wys.

*Eség 36:28 "En julle sal woon in die land wat Ek aan jul vaders gegee het; en julle sal vir My 'n volk en Ek vir julle 'n God wees.*

36:29 "En Ek sal julle verlos van al jul onreinhede; en Ek sal roep na koring en dit vermenigvuldig, en Ek sal geen hongersnood op julle lê nie.

36:30 "En Ek sal die vrugte van die bome en die opbrengs van die veld vermenigvuldig, sodat julle die smaad van hongersnood nie meer hoef te verdra onder die nasies nie.

36:31 "Dan sal julle dink aan jul verkeerde weë en aan jul handeling wat nie goed was nie; en julle sal vir juisself walglik wees oor jul ongeregtighede en oor jul gruwels.

36:32 "Ek doen dit nie om julle ontwil nie, spreek die Here YHWH; laat dit julle bekend wees! Skaam julle en bloos oor jul weë, o huis van Israel.

36:33 "So sê die Here YHWH: In die dag as Ek julle REINIG VAN AL JUL ONGEREGTIGHEDE, sal Ek op die stede laat bewoon, en die puinhope sal opgebou word.

36:34 "En die verwoeste land sal bewerk word, in plaas dat dit 'n wildernis is voor die oë van almal wat verbygaan.

36:35 "En hulle sal sê: Hierdie land wat verwoes was, het geword soos die tuin van Eden; en die stede wat in puin gelê het en verwoes en afgebreek was, is versterk en bewoon.

36:36 "Dan sal die nasies weet wat rondom julle oorgebly het, dat Ek, YHWH, opgebou het wat afgebreek was, beplant het wat verwoes was; Ek, YHWH, het dit gespreek en sal dit doen.

36:37 "So sê die Here YHWH: Ook dit sal Ek My laat vra deur die huis van Israel om dit vir hulle te doen: Ek sal hulle mense vermenigvuldig soos skape.

36:38 "Soos die geheiligde skape, soos die skape van Jerusalem op sy feestye, so sal die stede wat in puin lê, vol wees van kuddes van mense; en hulle sal weet dat Ek YHWH is."

Die boek van Jeremia maak 'n soortgelyke profetiese stelling oor die nuwe verbond wat YHWH beloof het om met sy "ecclesia" (uitgesoekte) volk te sluit:

Jer 31:31 "Kyk, daar kom dae, spreek YHWH, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n NUWE VERBOND sal sluit;

31:32 "Nie soos die verbond wat Ek met hul vaders gesluit het op die dag toe Ek hul hande gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie – my verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ek gebieder oor hulle was, spreek YHWH.

31:33 "Maar dit is die verbond wat Ek ná die dae met die huis van Israel sal sluit, spreek YHWH: Ek GEE MY WET IN HULLE BINNESTE en skrywe dit op HULLE HART; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

31:34 "En hulle sal nie meer elkeen na sy naaste en elkeen na sy broer leer nie en sê: Ken YHWH; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek YHWH; want Ek sal HULLE ONGEREGTIGHEID VERGEWE en aan hulle sonde nie meer dink nie."

Die Skrifgedeeltes wat oor die hart handel, is so volop dat hulle alleen boeke sal kan vul. Dit is een van die kern temas van die Bybel. As ons hierdie boodskap verstaan, sal die werk van die Heilige Gees vir ons oopgesluit wees.

Kom ons kyk wat Jesus hieroor gesê het.

# Hoofstuk 9

## JESUS SE LEER OOR DIE HART

Jesus het die volgende aan godsdienstige leiers in sy tyd oor die toestand van die hart gesê, deurdat Hy 'n profesie uit Jesaja aangehaal het:

*Mat 15:7 "Geveinsdes, tereg het Jesaja oor julle geprofeteer toe hy gesê het:*

*15:8 "Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar HULLE HART IS VER VAN MY AF.*

*15:9 "Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is."*

Dit is maklik om in godsdienstige tradisies en rituele vasgevang te raak sonder om 'n ware verhouding met die Here te hê. Die Heilige Gees reageer op enige hart wat opreg na Hom verlang. Jakobus stel dit reguit:

*Jak 1:26 "As iemand onder julle meen dat hy GODSDIENSTIG is en sy tong nie in toom hou nie, maar SY HART MISLEI, die GODSDIENS van hierdie man is TEVERGEEFS."*

Ons sien hierin dat godsdienste wat met al die sogenaamde heilige rituele maar sonder die regte hartstoestand beoefen word, misleidend en tevergeefs is. Om kerk toe te gaan en heilige rituele te beoefen, maak nie van 'n mens 'n heilige persoon nie. God wil 'n persoonlike verhouding met elkeen van ons hê. Dit is daardie verhouding wat ons heilig maak en ons lewens verander.

Dit is daarom noodsaaklik dat die toestand van die hart in alle eerlikheid ondersoek moet word.

Jesus het dikwels oor die hart se toestand gepraat.

*Mat 13:14 "En aan hulle word die PROFESIE VAN JESAJA vervul wat se: Met die gehoor sal julle hoor en glad nie verstaan nie, en julle sal kyk en kyk, en glad nie sien nie.*

*13:15 "Want die HART van hierdie volk het STOMP GEWORD, en met die ore het hulle beswaarlik gehoor; en hulle oë het hulle toegesluit, sodat hulle nie miskien met die oë sou sien en met die ore hoor en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie."*

Die woord "stomp" gee die indruk van 'n stomp mes. Die Heilige Gees wil ons gebruik, maar die mes (hart) is stomp. Ons hoor nie meer sy stem nie.

### **Die "skat" van die hart**

In die vorige hoofstuk in Matthéüs beskryf Jesus die hart se toestand soos volg:

*Mat 12:33 "Julle moet óf die boom goed maak en sy vrugte goed, óf julle moet die boom sleg maak en sy vrugte sleg; want aan die vrugte word die boom geken.*

*12:34 "Addergeslag, hoe kan julle goeie dinge praat terwyl julle sleg is? Want UIT DIE OORVLOED VAN DIE HART PRAAT DIE MOND.*

*12:35 "Die goeie mens bring uit die GOEIE SKAT van sy hart goeie dinge te voorskyn, en die slegte mens bring uit die SLEGTE SKAT slegte dinge te voorskyn."*



Hierdie gedeelte praat in wese van die beginsel van **"saai en oes"** waarop die Bybel dikwels sinspeel. God het daardie beginsel aan die gang gesit as deel van die verbond van die reënboog ná Noag se vloed afgesak het (*Genesis 8:22*). Paulus noem dit ook in sy brief aan die Galásiërs:

*Gal 6:7 "Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net WAT DIE MENS SAAI, DIT SAL HY OOK MAAI.*

*6:8 "Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees ewige lewe maai."*

Jesus se verwysing hierna is betekenisvol omdat Hy dit op die toestand van die hart van toepassing maak. Wanneer 'n saad in die hart gesaai word, sal daardie saad groei totdat dit 'n boom word en vrugte dra, en die vrugte wat dit sal dra, word deur dit wat uit die mond kom, duidelik gemaak. Sy woorde en dade openbaar die toestand van sy hart.

Ek en my vrou het eendag saam met 'n lieflike Christen vrou gery; ons was albei passasiers in haar motor en sy het bestuur. Terwyl ons deur 'n elektriese hek ry, het die hek skielik begin toemaak voordat ons deur was. Die vrou het geskrik en gevloek.

Die woord het skaars haar mond verlaat, toe sy besef ons was ook in die motor en sy het uitermate begin verskoning vra vir haar woorde. Ek het gesit en glimlag en gedink, **"Daardie woord is lankal in haar hart geplant."** Dit was die oombliklike druk wat dit uit haar

mond laat kom het. Net soos 'n buisie tandepaste, wat ookal binne is, sal uitkom wanneer dit onder druk is.

Jesus het in hierdie gedeelte gepraat van 'n goeie of slegte **skat** wat in die hart gedeponeer word. Hierdie **skat** is wie ons werklik is. Alles aan die buitekant is maar net 'n masker van 'n valse identiteit.

# Hoofstuk 10

## ONDERSOEK DIE HART

**Jeremia openbaar die kern van die saak.**

*Jer 17:1 "Die sonde van Juda is geskrywe met 'n ystergriffel, met 'n diamantpunt; dit is gegrif op die tafel van hulle hart en op die horings van julle altare."*

Ons sien hier dat die hart soos 'n tablet is (die skryf medium van daardie tyd) en die sondes is onuitwisbaar daarop gegraveer. Ek onthou toe ek in die hoërskool was, het ek en die ander seuns die gewoonte gehad om met ons passers ons name in die hout banke te graveer. Die probleem was egter dat as iemand besef het hy het 'n fout gemaak, dit nie gou met 'n uitvieër uitgewis kon word nie. Dit was vir altyd daar!

Op dieselfde manier is ons sondes en pynlike ervarings op ons harte gegraveer. Ons mag dalk wens dat ons daardie dinge nooit gedoen het nie, of dat ons gebeurtenisse kan vergeet, maar dit is diep in ons harte gegraveer. Dit is hierdie dinge wat vir mense slapelose nagte besorg en aan baie siektetoestande laat ly, soos kanker en psigosomatiese siektes; hierdie dinge wat volgens die mediese wetenskappe omtrent 87 tot 95% van alle siektes veroorsaak.

My vraag is, ***"Kan hierdie diep, pynlike herinneringe, skuld gevoelens, bitterheid, haat of woede ooit uitgewis word?"***

Ek vertrou dat hierdie leer oor die Heilige Gees hierdie vrae sal beantwoord. Die doop van die Heilige Gees is

nie net 'n leë ritueel nie. Dit is 'n lewende ontmoeting met die derde Persoon van die Heilige Drie-eenheid, en hierdie ontmoeting sal enige iemand geheel en al verander wat gewillig is om hul harte vir Hom oop te stel en vir Hom te vra om 'n verandering te weeg te bring, wat in ons eie krag onmoontlik is.

## Die “bedrieglike” hart

Jeremia gaan voort:

*Jer 17:5 "So sê YHWH: Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy **hart** van YHWH afwyk.*

*17:6 "En hy sal wees soos 'n kaal bos in die wildernis, en hy sal nie sien as die goeie kom nie, maar dor plekke in die woestyn bewoon, 'n brakkerige en onbewoonde land.*

*17:7 "Geseënd is die man wat op YHWH vertrou, en wie se vertrou YHWH is.*

*17:8 "Want hy sal wees soos 'n boom wat by die water geplant is en sy wortels uitskiet by die stroom en nie vrees as daar hitte kom nie, maar sy blad bly groen; en in 'n jaar van droogte is hy nie besorg nie en hou nie op om vrugte te dra nie."*

Hierdie gedeelte bevestig die beginsel van saai en oes. Terwyl dit teen die negatiewe effekte van die verkeerde saad wat in ons harte gesaai word, waarsku, gee dit ook 'n belofte dat wanneer die regte saad gesaai word – vertrou in YHWH – seëninge sal kom.

Die rede waarom ek egter hierdie Skrifgedeelte aangehaal het, is omdat dit die inleiding vir 'n noodsaaklike konsep gee. Jeremia gaan voort:

*Jer 17:9 "BEDRIEGLIK IS DIE HART BO ALLE DINGE, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken?"*

*17:10 "Ek, YHWH, deursoek die hart, toets die niere, om aan elkeen te gee na sy weë, volgens die vrug van sy handeling."*

Kom ons probeer verstaan wat Jeremia hier sê. Hy maak eerstens die stelling dat die hart "**bedrieglik**" is. Wat beteken dit? Misleiding kan deur verskeie woorde beskryf word. Die woordeboek gebruik woorde soos bedrog, bedrieg en MISLEI om hierdie woord te beskryf.

As ek 'n baie ou voertuig gehad het met meer as 500 000km op, wat ek wou verkoop, en as ek dit gewas het en die wiele blink gevryf, en sy kilometers teruggedraai het na 120 000km, sou dit bedrieglik wees. Maar waarmee sou ek eintlik besig wees? Ek sou 'n potensieële koper MISLEI deur die motor voor te hou as 'n veel jonger motor as wat dit in werklikheid is. Dit sou 'n wanvoorstelling wees van die ware waarde van die motor. Dit sal wees soos om 'n masker te dra en voor te gee ek is iemand anders.

***Dit is misleiding.***

Jeremia sê hier dat die hart bedrieglik bo alle dinge is. Mag ek vra,

***"Van wie se hart praat hy?"***

Ek is seker dit is die volgende persoon se hart waarvan hy praat! Dit kan sekerlik nie my eie hart wees nie, kan dit?

Ja, liewe vriende, **my hart en u s'n**. Ons mense het 'n neiging om ander mense te wil laat glo dat ons pragtige mense is. As hulle egter moet sien wat regtig in ons harte aangaan, sal hulle geskok wees!

### **Mislei ons onself?**

Kom ons stel verdere ondersoek in die aard van hierdie "**bedrieglikheid van die hart**". Jeremia sê iets baie interessant aan die Joodse leiers in Hoofstuk 37. Om die betekenisvolheid van dit wat Hy sê, te begryp, moet ons 'n bietjie geskiedenis in ag neem.

120 jaar voor Jeremia se profesie is die Noordelike tien stamme van Israel deur die Assiriërs gevange geneem en in ballingskap aangehou in die Assiriese grondgebied onderkant die deel wat vandag bekend staan as die Swart See. Dit het in Jesaja se tyd gebeur en het konsternasie en baie vrees meegebring aan die twee Suidelike stamme van Juda en Benjamin (die Jode). Die Assiriërs het verder suid beweeg en al die plattelandse dorpe en plaas bevolkings van Judea verower. Net Jerusalem en 'n paar versterkte stede het oorgebly.

Nou, 120 jaar later, was hierdie oorblyfsels deur Nebukadnésar, die wrede koning van Babilon (Chaldiërs), bedreig. Jeremia waarsku die inwoners van Jerusalem gedurig om **hulle te bekeer en terug te keer na die Almagtige God**, maar tog weier hulle om sy waarskuwings ter harte te neem. Hoofstuk 37 word geskryf teen hierdie agtergrond. Jeremia waarsku:

*Jer 37:8 "En die Chaldiërs sal terugkom en teen hierdie stad oorlog voer en dit inneem en dit met vuur verbrand.*

*37:9 "So spreek YHWH: **BEDRIEG JULLESELF NIE** deur te sê: Die Chaldiërs sal sekerlik van ons af wegtrek – want hulle sal nie wegtrek nie."*

Hier lees ons weer van die **"misleiding"**. Maar hier is 'n interessante draai. 'n Mens sou kon verstaan as hulle ander mense probeer bedrieg het. Maar hier staan egter dat hulle **"HULLESELF BEDRIEG"**. Is dit nie vreemd nie? Waarom sou enige iemand homself wou bedrieg?

Hoe het hulle hulself bedrieg? Jeremia het baie waarskuwings gegee en die vordering van die Babiloniese leër het hulle in die gesig gestaar, en tog het hulle gekies om die leuen te glo. Hoe het hulle dan hulself bedrieg? Dit is hoe ...

Eerstens, **"Ons is God se uitverkore volk, God sal ons nie oorgee aan ons vyande nie. Ons sal veilig wees. God sal ons beskerm."**

Tweedens, **"Ons woon in Jerusalem, God se heilige stad. God sal nooit toelaat dat hierdie stad verower word nie. Ons sal veilig wees. God sal ons beskerm."**

Derdens, **"God se tempel wat Salamo gebou het, is in hierdie stad. Dit is God se woning.** Daar is geen manier dat God ons vyande sal toelaat om ons te oorwin en sy tempel te vernietig nie. Ons is veilig, God sal ons beskerm."

**"ONS KAN MAAR LEEF SOOS ONS WIL. ONS IS VEILIG, GOD SAL ONS BESKERM!"** Dit is waar die

misleiding lê. Jeremia het hulle gewaarsku dat hulle venietig sou word, **tensy hulle hul bekeer**. Die leiers het geweier om sy waarskuwings te glo, en soos die profetiese waarskuwing gelui het, het Nebukadnésar Jerusalem binnegegaan en dit verower. Hy het daardie pragtige tempel verwoes, al die goud daarvan afgestroop, en al die Jode gevange geneem en na Babilon weggevoer.

Wat het veroorsaak dat die Joodse leiers so blind was om **hulself te bedrieg** tot hul eie verwoesting? Jeremia het hulle dikwels teen **trots** gewaarsku. In die boek van Obadja sien ons egter 'n direkte verwysing na die rede tot die **misleiding van die hart**. Hierdie keer spreek die profeet die nasie van Edom aan (afstammeling van Esau).

*Obad 1:3 "Die VERMETELHEID VAN JOU HART het jou bedrieg, o jy wat woon in die rotsklowe, op hoë plekke bly, en in jou hart sê: Wie sal my op die aarde neerwerp?"*

*1:4 "Al woon jy so hoog soos die arend en al was jou nes tussen die sterre gestel – daarvandaan sal Ek jou neerwerp, spreek YHWH."*

Dit is duidelik dat **hoogmoed die hart se probleem is**. Die Edomiete was 'n baie arrogante nasie wat geglo het hulle was onoorwinlik. **"Niemand sal ons ooit kan oorwin nie!"** Hulle **arrogansie het hulle laat pootjie**. Die Skrif waarsku ons gereeld teen trots.

Was dit nie dieselfde hartstoestand van die boere in Zimbabwe nie? Ek was deel daarvan. Ons het gesê, **"Mugabe sal ons nooit uithaal nie. Hy het ons**



***nodig. Hy kan nie sonder ons klaarkom nie. Ons is die beste boere in die wêreld."***

Daar was ongeveer 6000 boere en landbou was die land se hoof uitvoer en rykdom-genererende nywerheid. Vandag is daar minder as 300 boere oor, en die land se ondergang is groot.

***Hoogmoed is 'n EUWEL voor God.*** Ons sien verskeie kere dat YHWH die wrede koning Nebukadésar van Babilon (Satan se stad) "***MY DIENSKNEG***" noem. Hy het Nebukadnésar gebruik om sy eie volk as gevolg van hul trots, arrogansie en hul afgodery te oordeel. God se wet is baie duidelik daarvoor dat ons geen ander gode as Hy mag hê nie. Dit sluit ons plase en besittings in, asook enige iets wat ons meer liefhet as Hom.

***Spr 16:18 "TROTSHEID KOM VOOR DIE VERBREKING, en hoogmoed kom voor die val."***

***1 Pet 5:5 "Net so moet julle jongeres aan die oueres onderdanig wees; en wees almal met ootmoed bekleed in onderdanigheid aan mekaar, want GOD WEERSTAAN DIE HOOGMOEDIGES, MAAR AAN DIE NEDERIGES GEE HY GENADE."***

***Spr 16:5 "Elke hoogmoedige van hart is vir YHWH 'N GRUWEL; sekerlik, hy sal nie ongestraf bly nie."***

Indien ons 'n ware beweging van die Heilige Gees in en deur ons wil ervaar, kan daar absoluut ***geen plek vir hoogmoed*** in ons wees nie, en ***Hy*** moet ***eerste plek*** in ons lewens inneem.

Hierdie reeks boeke is nie daar om stappe geleer te word om die seëninge van die Heilige Gees te ontvang nie. Dit gaan daaroor dat ons die Heilige Gees op SY VOORWAARDES ontmoet; om 'n **intieme verhouding met Hom** te hê deur geheel en al aan Hom onderdanig te wees.

# Hoofstuk 11

## 'n LEWENSVERANDERENDE ONTDEKKING

Die plaasbesettings in Zimbabwe het in die jaar 2000 begin. Binne die eerste drie jaar is byna 80% van die nasionale beeskudde geslag en baie plaasboere is toe reeds van hul grond afgesit, waarvan talle die land verlaat het.

In 2002 het die Heilige Gees my gelei om 'n plaas te koop en ek het te midde van die land se verwoesting geboer. Teen die einde van 2004 het die dalende bevolking 'n effek gehad op die kerke, en die ouderlinge van die NG Kerk het my genader en gevra of ek as predikant van daardie gemeente sou instaan. Daar was slegs drie dominees van daardie denominasie in die land oor en die omstandighede het dit moeilik gemaak om leraars van Suid-Afrika in te bring.

Alhoewel ek nie 'n lidmaat van daardie gemeente was nie, het ek dit as 'n wonderlike geleentheid beskou om hierdie mense in hul geestelike groei by te staan. Inteendeel, hulle het my genader vir hierdie posisie omdat hulle herlewing in hul kerk wou hê, en hulle was nie meer tevrede met die tradisionele manier van aanbidding nie. Hulle wou 'n verandering hê.

Wat ek nie op daardie tydstip beseft het nie, was dat dit **EK** was wat die verandering nodig gehad het. Ek het die beroep aanvaar en die posisie deelyds bekleed aangesien ek nog geboer het.

Ek het hierdie dierbare mense vir byna ses jaar bedien. Teen die einde van daardie tyd het die Heilige Gees sekere dinge uit die Skrif aan my begin openbaar wat ek nooit voorheen verstaan het nie. Dit het te doen gehad met die hart van die mens. ***God kyk nie na die uiterlike voorkoms nie, maar wel na die toestand van die hart.***

Ek het oor hierdie dinge begin preek, en hoe meer ek gepreek het, hoe meer dinge het die Heilige Gees aan my openbaar. Ek het vir bykans ses maande oor die hart gepreek, Sondag ná Sondag.

Hoe meer ek gepreek het, hoe meer het daar 'n venster na my eie hart oopgegaan, en ek het nie gehou van wat ek aanskou het nie. Dit is maklik om vir ander mense te preek oor hoe hulle moet verander. Maar wanneer die vinger egter na my terug wys, is dit nie baie gemaklik of maklik nie.

Ek het in *Psalm 51* gesien dat Dawid gebed het, "*Skep vir my 'n rein hart, o God.*" Ek het dieselfde gebed begin bid.

***"My hart moet verander, o Heer."*** Ek was bewus van hoogmoed en ander lelike dinge wat vir ander mense versteek was. Maar dit was nie van God weggesteek nie. Hy het begin openbaar wie ek werklik was en ek het nie gehou van wat ek gesien het nie. Ek het aangehou uitroep na God om my te help en my hart te reinig.

### **'n Nuwe begrip**

Ek het reeds voorheen genoem dat ek een môre vroeg tydens my stiltetyd 'n Skrifgedeelte gelees het wat ek nie

verstaan het nie. Dit was 'n boodskap van God aan sy volk, Israel. Moses het geskryf ...

*Deut 30:6 "En YHWH jou God sal jou HART BESNY en die hart van jou nageslag, om YHWH jou God lief te hê met JOU HELE HART en met jou hele siel, dat jy kan lewe."*

Ek het daarna verlang om die Here met my hele hart en my hele siel lief te hê, maar my hart was siek. Dit was vol onsuiverheid. Ek, die predikant! Ek het nie geweet hoe ek van al daardie gemors moes ontslae raak nie. O, ek wou so graag ontslae wees van al daardie hoogmoed en selfsug en bose gedagtes; maar hoe meer ek probeer het, hoe meer het ek misluk daarin.

Hier het ek instinktief besef dat die Heilige Gees vir my 'n uitweg bied, 'n weg na oorwinning, en dit het iets te doen gehad met ... **die BESNYDENIS VAN DIE HART!** Ek het geen idee gehad wat dit beteken het nie. Ek was van 'n baie jong ouderdom in die kerk gewees, en nie eenkeer het ek gehoor dat 'n predikant oor die BESNYDENIS van die hart gepreek het nie. Ek het nie geweet wat dit beteken nie.

Ek het geweet dat Jesus die Heilige Gees gestuur het om ons almal in die waarheid te lei, om ons te leer. Dus het ek gebid,

***"Heilige Gees, verduidelik asseblief hierdie Skrif aan my, ek wil dit verstaan."***

Die Heilige Gees was my genadig. Hy het my terug verwys na die Ou Testamentiese Abrahamitiese Verbondssimbool van besnydenis. Elke seuntjie wat in

die volk van Israel gebore is, moes op die agste dag besny word. 'n Man wat nie besny is nie, is uit die statebond van Israel uitgesluit. Om in te gaan en deelagtig te wees aan die koninkryk van God (soos gesien deur Israel), was die ritueel van die besnydenis 'n nie-onderhandelbare noodsaaklikheid.

Die Ou Testament vorm altyd 'n fondasie om die Nuwe Testament te verstaan. Alhoewel Paulus geleer het dat die fisiese besnydenis geen waarde het nie, verwys hy wel na die besnydenis van die hart as noodsaaklik. En hier in Deuteronomium het ek 'n belangrike sleutel gevind. YHWH het gesê dat HY die HARTE van sy volk sou besny.

Wat is dan die besnydenis van die HART? Die Heilige Gees het hierdie diepe waarheid op 'n baie eenvoudige manier aan my openbaar.

Gedurende die fisiese besnydenis word 'n klein velletjie van die mees sensitiewe deel van die manlike orgaan afgesny. Die Bybel noem daardie velletjie, "*die VLEES*". Ek het skielik besef wat die besnydenis van die hart beteken.

Die hart is die mees sensitiewe deel van ons wese. Die Heilige Gees kommunikeer met ons harte. Sommige noem dit mens "*gewete*". Ons is veronderstel om die stem van die Heilige Gees maklik en gereeld te hoor. Daar is duidende verwysings in die Skrif waar YHWH met mense *GEPRAAAT* het. Hulle het sy stem gehoor en daarop gereageer. Jesus het gesê,

*Joh 10:27 "My skape luister na My stem ..."*

Waarom hoor die meeste mense dan selde of ooit die Heilige Gees se stem? Dit is omdat die hart met die **"VLEES"** bedek is. Ons vleeslike begeertes roep so hard na die geriewe van die lewe en selfsugtige plesiere dat die oorverdownde geraas die sagte stem van die Heilige Gees uitdoof. Dit is nie dat die Heilige Gees nie praat nie. Dit is net dat daar te veel geraas is om sy stem te hoor.

### **'n Gevaarlike gebed**

Toe ek dit beseef, het ek op my knieë gegaan en die Heilige Gees gevra,

***"Asseblief, Here, wat die prys ookal mag wees, besny my hart. Ek wil u stem ken. Ek wil deur U gelei word; ek wil U ken, ek wil verbind wees aan die Wynstok. Ek wil u lewende water in en deur my laat vloei."***

Ek het nie geweet wat die prys sou wees nie, maar ek het gesmag dat die Heilige Gees in beheer van my lewe moes wees.

***Psa 42:2 "Soos 'n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God!***

***42:3 "My siel dors na God, die lewende God ..."***

Ek was desperaat. Ek wou 'n rein hart hê. Wat daarna gebeur het, was ver bo my verwagting – op elke moontlike vlak. Wanneer ons met die Here ernstig raak, begin dinge gebeur!

'n Paar dae later het ek uit Lukas gelees.

*Lukas 14:33 "So kan dan ook niemand van julle wat nie afsien van al sy besittings, my dissipel wees nie."*

Die Heilige Gees het duidelik met my gepraat en gesê:

***"Tensy jy gewillig is om jou plaas en alles wat jy besit, op te gee, kan jy nie my dissipel wees nie."***

Ek was geskok. Sekerlik nie! Ek kon die Here nie antwoord nie. Ek was uit die veld geslaan! `n Week of twee het verby gegaan en nogsteeds het ek nie vir die Here `n antwoord gehad nie. Toe lees ek weer op `n dag in my stiltetyd `n soortgelyke Skrifgedeelte en weer sê die Heilige Gees duidelik vir my:

***"Tensy jy gewillig is om jou plaas en alles wat jy besit, op te gee, kan jy nie My dissipel wees nie."***

Ek begin toe met die Here redeneer.

*"Here, U weet dat U vir my die opdrag gegee het om hierdie plaas te koop tydens die plaas besettings in 2002. Ek is seker die enigste blanke boer wat `n plaas gekoop het sedert die plaasbesettings begin het. U het dit vir my moontlik gemaak om die plaas te koop. Die hele transaksie was `n wonderwerk. Waarom vra U my nou om die plaas op te gee?"*

Die Heilige Gees was stil.

Nog `n week of twee het verbygegaan en ek het weer `n Skrifgedeelte gelees met `n soortgelyke boodskap. En nog `n keer praat die Heilige Gees met my:

***"Tensy jy gewillig is om jou plaas en alles wat jy besit, op te gee, kan jy nie my dissipel wees nie."***



Ek het besef dat Hy ernstig was, en het op my knieë neergesak en gebid.

***"Enige iets, Here. Ek is gewillig om dit alles op te gee. Ek plaas U bo alles in my lewe."***

Ongeveer vier dae later, terwyl ek kuilvoer sny, het daar vier motors in my plaas padjie opgejaag gekom en in 'n stofwolk voor my huis stilgehou. Ek het instinktief geweet waarom dit gaan. Dit was die regering wat gekom het om my plaas te vat. Daar het 'n vrede oor my neergedaal wat onmoontlik was om self te vervaardig. Ek stap toe na die groep van sowat 30 kwaai, haatdraende, fris manne en groet hulle vriendelik.

Ek gaan nie hier die besonderhede deel van wat alles volgende gebeur het nie, maar ek het nietemin die nuwe eienaar geseën met my plaas. Byna drie maande later het ek die voorreg gehad om vir die grond kommissaris, onder wie se leiding daardie groep was, te bid; hy het kort ná daardie eerste plaas besoek 'n beroerte gehad en die Heilige Gees het my gelei om vir hom te gaan bid. Die Here het hom bonatuurlik genees. Dit het gelei daartoe dat my plaas vir my teruggegee word.

### **'n Haastige uittoeg**

Ongeveer vier maande later is ek valslik van 'n oortreding beskuldig wat 'n lewenslange vonnis behels het, en ek is vir een aand toegesluit. Die volgende dag is ek op borgtog vrygelaat, met die hofdatum wat vir April 2013 vasgestel was. Dit was duidelik dat die magistraat omgekoop was en het 'n oordeel teen my gefel wat teenstrydig was met die regsprosedures. Die aand voor die finale uitspraak voltooi sou word, is ek gewaarsku en

aangeraai om landuit te vlug. Ek het my plaas en beeste, my trekker, bakkie en plaasimplimente, meubels en pragtige huis agtergelaat. Ons het die deure agter ons toegemaak en gevlug. Ek en my vrou is met 'n tas klere elk op die vliegtuig die land uit.

Ons het getraumatiseer in Suid-Afrika aangekom; albei in rolstoele – stukkende mense. Ons het egter besluit dat om op 'n houpie te sit en onself te bejammer, nie was wat die Here wou hê nie, en in ons gebrokenheid het ons na ander begin uitreik, en so is 'n massiewe bediening in Suid-Afrika begin. Ons het die besluit geneem om nooit vir mense geld te vra wanneer ons bedien nie, maar sou die Here geheel en al vertrou om in al ons behoeftes te voorsien. Die wonderwerke van voorsiening alleen is genoeg om 'n boek van te skryf. Hy is so getrou.

God het my nou 'n ander plaas gegee – dit is die hele Suid-Afrika; en die saad wat ons nou saai is die ewige Woord van God wat in die harte van manne en vroue in hierdie pragtige land geplant word, asook ander lande.

Ek sluit hierdie gedeelte met nog 'n pragtige Skrifgedeelte uit die Ou Testament af. Die eerste vyf verse van Jesaja 40 begin met 'n wonderlike belofte van herlewing en herstel. Dit is dan betekenisvol om te lees wat daarna gebeur. Hierdie is sekerlik 'n voorvereiste tot daardie herlewing:

*Jes 40:6 "n Stem sê: Roep! En hy vra: Wat moet ek roep? ALLE VLEES IS GRAS en al sy aanvalligheid soos 'n blom van die veld.*

*40:7 "DIE GRAS VERDOR, die BLOM VERWELK as die asem van YHWH **daarin blaas**. Voorwaar, die volk is gras.*

*40:8 "DIE GRAS VERDOR, die BLOM VERWELK; maar die woord van onse God hou stand in ewigheid."*

Let daarop dat alle "*vlees*" met gras vergelyk word, en die skoonheid van die vlees word met blomme vergelyk. Hulle lyk so pragtig. En tog, wanneer die ASEM van YHWH daarop blaas, wat gebeur?

Die Hebreuse woord wat hier vir ASEM gebruik word, is:

רוּחַ "*rûach*".

Dit is dieselfde woord wat as GEES vertaal word en word meer as 370 keer in die Ou Testament gebruik. Ons kan dus hierdie gedeelte so lees:

*"Alle VLEES verdor wanneer die GEES van God DAAROOOR BLAAS."*

Ons bid so maklik vir herlewing, vir die Heilige Gees om in ons land, in ons kerke, in ons lewens te werk. Besef ons waarvoor ons bid? Wanneer die Heilige Gees beweeg, sal alle *vlees VERDOR*. Ons wonder waarom die hoogmoed van ons pragtige plase en infrastruktuur afgebreek word. Is dit nie die "*verwelking van die vlees*" nie?

In ons bediening, reis ons deur menige dorpie en ons kom agter dat baie pragtige, majesteuse ou geboue in puin lê. Dit is 'n hartseer gesig. Plekke wat eens 'n florerende samekoms van aktiwiteite was, is nou vieslik

vuil en verval. Jesaja, die profeet wat in sy soeke na herlewing sekerlik die meeste uit al die profete oor die heerlijkheid van die komende koninkryk van God praat, het geprofeteer oor hierdie dae waarin ons tans leef:

*Jes 5:8 "Wee hulle wat huis aan huis trek, akker aan akker voeg, totdat daar geen plek meer is nie, en julle alleen grondeienaars in die land is. (Met ander woorde, diegene wat soveel eiendom opkoop en dit by hul rykdom voeg, dat hulle naderhand alleen woon – almal om hulle is verplig om weg te trek as gevolg van die gierigheid van die ryk persoon.)*

*5:9 "In my ore het YHWH van die leërskare gespreek: Waarlik, BAIE HUISE SAL 'N WOESTENY WORD, DIE GROTES EN MOOIES SONDER INWONER.*

*5:10 "Want tien morg wingerd sal een enkele bat oplewer, en 'n homer saad sal 'n efa opbring."*

Ons gee so maklik die korrupte regering die skuld vir die ineenstorting van ons infrastruktuur. Moet ons nie veel eerder die **toestand van ons eie harte** besigtig en in **bekering** na God terugkeer nie?

# Hoofstuk 12

## 'n HARTSVERANDERING

### 'n Jong man se lewe verander

My hele lewe het verander toe my hart verander het. Ons lees 'n betekenisvolle verhaal wat Jesus met betrekking tot herstel vertel het. Om die verhaal in konteks te kan lees, gaan ek 'n paar voorafgaande teksverse van die verhaal aanhaal. Ons begin in die vorige hoofstuk te lees. Jesus leer sy dissipels, en sê:

*Lukas 14:26 "As iemand na My toe kom en hy haat nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie.*

*14:27 "En elkeen wat sy kruis nie dra en agter My aankom nie, kan my dissipel nie wees nie."*

Dan kom ons die vers teë wat ek alreeds aangehaal het, wat die Here gebruik het om my te roep om my plaas en al my besittings op te gee:

*Lukas 14:33 "So kan dan ook niemand van julle wat nie afsien van al sy besittings, my dissipel wees nie."*

Ons lees dan in hoofstuk 15 die aangrypende gelykenis van die herder wat sy 99 skape alleen los om hoog en laag te soek na die een verlore skaap, en wanneer hy dit vind, dra hy die skaap op sy nek huistoe en daar is groot vreugde.

Die volgende gelykenis gaan oor 'n vrou wat 'n muntstuk verloor het, en sy soek oral totdat sy die muntstuk kry. Weer is daar groot blydschap.

Dan tref ons die gelykenis aan wat ek wil ondersoek; die gelykenis van die verlore seun. Hierdie gelykenis staan in *Lukas 15:11-32* geskryf. Kom ons beskou 'n paar kosbare aspekte van hierdie gelykenis. Ek gaan hierdie verhaal in my eie woorde vertel om die passie daarvan deur te gee.

Daar moes, ten eerste, 'n negatiewe situasie in daardie huishouding gewees het vir daardie jong man om op die ingewing van die oomblik sy ouerhuis te verlaat.

*"Gee my alles wat my toekom! Dit gaan oor my; my regte, my besittings, my eie lewe – wat ek wil hê."*

***Let op sy hart. Dit waarvan sy hart vol is, stroom uit sy mond, en dit is nie aangenaam nie.***

Sy vader laat hom gaan, maar dit was heel waarskynlik met 'n diep swarigheid in sy gemoed. Daar moes baie eensame nagte gewees het met trane wat diep in die nag gevloei het. Ek ken daardie tye. Ek is ook 'n ouer. En tog hardloop hierdie vader nie agter sy seun aan om hom te probeer keer nie. Hy laat hom gaan.

Die vader is 'n wyse man (hy stel God voor). Hy verstaan die ontsaglike waarde en goedheid van die *"wildernis"*. Daar is geen plek soos die wildernis – ***die varkhok*** – om ***karakter te bou*** nie. Hy laat sy seun gaan, wetend dat hy na die ***varkhok*** oppad is.

Die jong man het nog nie daardie lewenslesse geleer nie. Aanvanklik verlustig hy hom in sy losbandige lewe. Hy het baie vriende, want hy het baie geld. Maar daardie vriende is slegs tydelik, want namate sy geld begin opraak, begin sy sogenaamde vriende ook verdwyn. Op die ou end het hy geen geld oor nie, en hy is "bevoorreg" genoeg om werk by 'n boer te kry. Hy moet **varke** oppas. Kan u dit glo? Hierdie Joodse seun moet **varke** oppas! Dit is die mees vernederende ding!

Asof dit nie erg genoeg is nie, is sy salaris nie genoeg om sy basiese kos behoeftes te dek nie, en hy sak so laag dat hy begin smag na die varke se kos. Hy is so ongelooflik honger.

Dit is net hier in sy toestand van desperaatheid wat sy hart uiteindelik begin verander. Die Skrif gebruik die woorde, "*Hy het tot homself gekom.*" Ander vertalings sê, "*Toe hy tot sy sinne kom.*" Dit is in hierdie kosbare "**woestyn plek**" waar 'n mens gedwing word om helder te dink, en dit is hier waar 'n mens jou eie foute besef. Wanneer dinge goed gaan, **verberg hoogmoed die waarheid**. Dit is slegs wanneer alle moontlike trots uit die weg geruim word, en ons besef dat **ons 'n gemors aangevang het**, dat die **waarheid uitendelik tot ons kom**.

Die jong man, in sy honger en vernedering om varke op te pas, sien uiteindelik die waarheid. Dit is hier waar hy die belangrike stelling van bekering maak:

Ek sal na my vader terugkeer en vir hom sê,

**"Vader ...**

## **EK HET GESONDIG!"**

Dit is **EK** wat 'n hartsverandering nodig het. Dit is nie my vader of moeder of broer of suster of die regering of my werkgewer of enige iemand anders in die wêreld nie. **Ek is die een** wat skuld erken oor die dwase keuses wat ek in die lewe gemaak het.

## **EK IS DIE EEN!!!**

### **'n Nuwe leefwyse**

Hier, liewe vriende, is waar ons die koninkryk binnegaan. Dit is die poort. **Wanneer ek myself stroop van al die hoogmoed en arrogansie**, moet ek van my troontjie afklim en besef dat **ek desperaat afhanklik van God is**. Ek kan dit nie op my eie doen nie. **Dit is EK wat 'n hartsverandering nodig het**. Dit is EK wat die Heilige Gees nodig het om my na hoogtes te neem wat ek nooit in my eie krag kan bereik nie.

Hierdie gesindheid, die poort tot die koninkryk, is nie net op verlossing van toepassing nie, maar op elke aspek van ons Christelike lewe. Hierdie gesindheid is 'n voorvereiste om 'n Gees-ervulde lewe te lei. Ons lees oor hierdie gesindheid van nederigheid in baie van die apostels se skrywe. Ek haal 'n paar daarvan aan ...

*2Kor 4:5 "Want ons verkondig nie onself nie, maar Christus Jesus as Here, en onself as julle diensknegte om Jesus wil."*

*Fil 2:3 "Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eernie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself."*



3:7 "Maar wat vir my wins was, dit het ek om Christus wil skade geag.

3:8 "Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek ALLES PRYSGEGEE HET en AS DREK BESKOU, OM CHRISTUS AS WINS TE VERKRY."

2Kor 12:10 "Daarom het ek BEHAE IN SWAKHEDE, in mishandeling, in node, in vervolginge, in benoudhede, om Christus wil. WANT AS EK SWAK IS, DAN IS EK STERK."

Dit is so 'n vreemde verskynsel in die koninkryk dat dit juis **in ons eie uiterste swakheid** is, dat ons **grootste geleenthede** binne ons bereik lê. Hebreërs 11 vertel van die geloofshelde. Lees net deur die lys, en u sal opmerk dat elkeen van daardie "**groot**" manne en vroue **op een of ander stadium op 'n plek van algehele desperaatheid** in hul lewens was. In daardie plek van swakheid het hulle in geloof na God uitgerek. Die opsomming aan die einde van daardie wonderlike hoofstuk sê iets betekenisvol.

Heb 11:32 "En wat sal ek nog meer sê? Want die tyd sal my ontbreek as ek van Gideon, Barak en Simson en Jefta, Dawid en Samuel en die profete sou verhaal;

11:33 "wat deur die geloof koninkryke oorweldig het, geregtigheid uitgeoefen, beloftes verkry, bekke van leeus toegestop,

11:34 "die krag van vuur uitgeblus, die skerpte van swaarde ontvlug, KRAG UIT SWAKHEID ONTVANG HET,

*dapper gewees het in die oorlog, leërs van vreemdes op die vlug gedryf het.”*

Die een ding wat al die geloofshelde in gemeen gehad het, was dat hulle elkeen op een of ander stadium op 'n plek van uiterste swakheid gestaan het, soms selfs op die punt van wanhoop. Op daardie plek van swakheid (die besnydenis van hul eie harte) het hulle hul hoop op die Almagtige geplaas; en die Heilige Gees het in sy wonderbaarlike krag hulle situasies binnegekom en hulle gered.

Kom ons beskou een van hierdie geloofshelde aan wie daar nie dikwels veel gedink word nie ...

***Die res van hierdie Boek 1 van my reeks, Ontvang die Heilige Gees, word nie hier aangehaal nie. Indien u graag hierdie reeks boeke oor die Heilige Gees wil aanskaf, bestel dit asseblief deur Magda du Plessis by:***

***[dieboomzas@gmail.com](mailto:dieboomzas@gmail.com) of kontak haar op (+27) 823213236 (slegs in Suid-Afrika).***

***Die e-boeke sal oral in die wêreld vanaf my webtuiste beskikbaar wees:***

[www.henryjackson.online](http://www.henryjackson.online)